GEREFORMEERDE LAERSKOOL BELLVILLE

H/v Frans Conradierylaan
en Stellenbergweg
Posbus 4203
Old Oak
Bellville
7537
7530

Tel: (021) 919 7816
Faks: 086 620 6042 *E-mail: dglb1@mweb.co.za*

12 Junie 2014

Beste Lizette en lidmate van die Gereformeerde Kerk Bellville,

Ons verwys na u brief van 9 April 2014. Ons vra om verskoning dat dit ‘n ruk geneem het om te antwoord, u verstaan dat die skool 15 April begin het en met al die vakansiedae in April, is ons maar behoorlik uit roetine uit.

Ons is baie dankbaar dat julle aan ons gedink het om saam met julle hierdie wonderlike projek aan te pak. Uit die aard van die saak is Gereformeerde Onderwys presies dit: ons wil die Woord van God versprei soos ‘n mens die lig van ‘n lamp oor die wêreld laat skyn.

Ongelukkig is dit so dat ons reeds ons gemeenskapsprojekte vir elke kwartaal van 2014 vasgestel het. Ons sal daarom nie op ‘n maandelikse of kwartaallikse basis kan deelneem aan julle projek nie. Maar, ons het in 2013 ‘n groot fondsinsameling gehou vir die verspreiding van God se Woord, in die vorm van munte. Ons het nog nie vir hierdie R 2845,- ‘n waardige projek gevind nie en het as personeel besluit om eenmalig aan julle projek deel te neem.

Ontvang hierdie geld as ons bydrae tot julle mooi werk. Met 67 leerders uit 45 gesinne in die skool, sal die bydrae beteken dat elke gesin ten minste een Bybel geborg het. Ons bid julle dan ook namens elkeen van hierdie leerders en gesinne die Here se ryk en onmisbare seën oor hierdie onbaatsugtige werk toe. Mag Hy julle as gemeente ook naby wees, vashou in geloof en laat groei in liefde tot Hom en mekaar.

Beste wense namens die personeel en leerders van die Gereformeerde Laerskool Bellville

H.H. van der Linden
Skoolhoof